# Die Kinderhawe se Grootste Behoeftes.

(Toespraak Kinderhawe Jaarfees 19 Nov. 60).

Inl: 1) My innige dank betuig vir die voorreg om as 'n gasspreker by hd. Jaarfees op te tree. Beskou dit as baie groot voorreg waarvan ek met graagte gebruik wil maak.

2) Wil bely dat u deur hd. uitnodiging, my aandagtig gemaak het aan 'n ernstige versuim aan gemeenskaplike belangstelling & voorbidding van my kant en van duisende lidmate van ons Kerk wat wel bewus is v.d. bestaan v.d. Kinderhawe maar nie van al sy behoeftes nie.

Daarom dat ek vm. veral wil stilstaan by die ond.: Die Kinderhawe se Grootste Behoeftes. Wil hulle in die volg. orde noem en bespreek – nie omdat die een belangriker is as ander, maar omdat ek wil uitgaan van die sentrum, die middelpunt van alles: God – & dan na die personeel, dan d. Kind en dan na ons gemeentes.

I. Ons moet die inrigting sien as 'n geloofsonderneming: Dis nie nodig om u te herinner aan die ontstaan v.d. Kinderhawe en die diepe geloofsoortuiging wat God in d. hart v.d. stigster geplant het om in algehele vertroue op God hd. diens v. Kt. liefde & barmhartigheid te onderneem. Daardeur, & die jare van sy bestaan het dit bevestig, het God die geloof v.d. stigter bevestig deur die spontane mgw. gawes v. duisende Ktene wat die Kinderhawe gedra het.

~~Tans~~ In laaste jare het 2 nuwe faktore tussenby gekom wat hierdie gedagte van 'n geloofsonderneming baie ~~nadelig~~ kan be-invloed:

1) Die toenemende, groeiende gedagte dat ~~die~~ K.H. se jaarlikse behoeftes op d. puntestelsel verdeel en elke gemeente aangeslaan word vir bepaalde bedrag. Argumente d'voor:

a) Verseker van vaste inkomste.

b) Elke gemeente dra 'n aandeel

c) Personeel werk dan onder baie minder spanning.

Baie gemeentes, op grond v. hulle puntestelsel wat ander sake v.d. Kerk so hanteer, verkeer dan ook al onder d. indruk dat ook die KH. so gedra & sy behoeftes so gehanteer word. Dra daarom min of niks by.

2) Bydrae v. staat: 1/2 tot eenheidskoste

Antw.:

a) Die puntestelsel, hoe goed ookal bedoel, het as uitwerking dat die bydraes ~~koud~~ sielloos word: dit neig al meer in dié rigting dat die diens van Xt. barmhartigheid 'n kerkplig word

b) Indiv. belangstelling & voorbidding gaan so maklik verlore in d. harte van gewers & bidders. As ek dan weet alles is gereël, alles goed georganiseer, waarom sal ek dan nog gee en bid? (Vgl. donateurs elke md. vir 15 jr)

c) Gebedskrag, die geloofsglans v.d. Onderneming verdwyn: Die geloofselement waarin ons van dag tot dag op God moet vertrou, elke môre en elke maand ~~ons~~ die behoeftes v.d. inrigting voor



God lê - dit kan nie anders as om 'n nadelige uitwerking te hê op die geestelike lewe v.d. gemeente en die werkers hier.

Daarom vertrou ek van harte dat ons as gelowiges & as gemeentes die KH. sal help om die oorspr. doelwit van sy oprigting te bewaar en verder uit te bou!

Daarom hou ek ook nie daarvan dat ons as kerk ons inrigtings se inkomste laat steun op subsidies v.d. kant v.d. staat nie. Dit verminder die krag van ons milddadigheid, dit skep ~~gee~~ die verkeerde indruk dat die staat die verantwoordelikheid moet dra en dit hou die gevaar in dat die kerk sy wesenlike roeping verwaarloos (Mt-25).

II Ons moet die inrigting steun as Gebedsonderneming: Geloof moet gedra en versterk word deur die gebed. Ons as mense is swak en sondig en ons geloof is geneig om te faal en te verminder: daarom moet ons altyd die geloof opnuut laat laai (soos battery) by die enigste kragbron: gebed.

Ek verkeer onder indruk dat daar in die gebede v. ons Kerk te min gebid word vir d. KH:

① omdat ons nie genoeg daaraan herinner word as heilige plig

② omdat ons nie bewus is v ware behoeftes

Hoe, waarvoor bid?

(1) Geldelike inkomste voorsien word

(2) Personeel

(3) Kinders sonder ouers

(4) Kerk sy verantwd. besef v nakom

## III 'n Inrigting met 'n Roepingsbewuste Personeel:

— Huidige personeel: (insl. bediendes): dank

— Bediendes. 'n Rol wat personeel speel in Karaktervorming kinders: — ~~[illegible]~~ moet alles wees: Vader, moeder, verpleegster, & matter geneeskundige ens word aan hulle gestel!

— Behoefte aan dogters uit ons volk wat 'n roepingsbesef het: nie iemand kan werk om rede van goeie salaris (hoewel kerk dit as plig moet sien om hulle goed te beloon). Vb. van Roomse inrigtings se hoofdiens deur nonne v helpsters. Groot bydrae van Xten-moeders: hulle dogters dit as lewenstaak voorhou.



## IV. Kinders wat Besondere Sorg Verdien:

— Kinders wat nie ouers het:

— Probleme wat dit skep

— Hd. Kinders moet nuwe gesinne bou

— Ons aandeel: gebed.

## V. Meer ~~[illegible]~~ Besoeke v. Gemeentes:

— Noodsaak v. meer belangstelling

— Verkry deur besoeke & pers. kontak

— Bond v Dienaresse, Gemeentesusters & Tuskakels, KJV's, Kerkr. vroue:

Louis Bothalaan tot robot waar Yeoville se tremterminus is — dan regs tot in Dunbarweg — dan links tot in Kriedeck.

(de la Reystr. 26

